NR. 14

26 APRIL 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

### MNR. GERHARD PIETERSE

**OPEDAG 2023: KOM STAP IN DIE VOETSPORE VAN REUSE…**

Geagte Parkie –ouers en – personeel,

Die geskiedenis herhaal homself. Hierdie alombekende uitdrukking is vir ons bekend, sekerlik omrede die waarheid hieraan so meetbaar is. Daarom dan ons opedag tema van “Kom stap in die voetspore van reuse”.

**Wie is dan hierdie reuse?**

Eerstens elke oudleerling van Laerskool Menlopark wat daarin slaag om die wêreld ‘n beter plek te maak a.g.v sy of haar bydra as dienende burger van die samelewing. As huidige leerders, personeel en ouers van Laerskool Menlopark salueer ons elke alumni hiervoor.
Ander reuse wat bekendheid verwerf het vir hul bydrae en rol in die samelewing én ook hul spore hier op Menlo-bodem gelos het, is o.a:

- Rayno Seegers: Alumni 1965 (SA-Tennis)
- Jana Cilliers: Alumni 1963 ( Aktrise)
- Dr. Henning Gericke: Alumni 1973 (Kliniese- en Sportsielkundige)
- Peregrine Joynt: Alumni 1987 (Skoolhoof Afrikaans Hoër Seunskool)
- Bok van Blerk: Alumni 1991 ( Sanger en akteur)
- Henk Kraaij: Alumni 2000 ( SA-Vlieënier)
- Rassie van der Dussen: Alumni 2002 ( SA- krieket Proteas)
- Rikanette Steenkamp: Alumni 2005 (Atletiek Afrika kampioen)
- Anelma Meiring: Alumni 2008 (Omroeper)

Ons is daarom baie seker daarvan dat huidige-en toekomstige leerders se name by hierdie lys gevoeg gaan word. Waarskynlik d.m.v ‘n deurbraak óf besonderse bydra op die gebied van die mediesie, tegnologie, sport, kultuur, innovasie, wetenskap, landbou, politiek, die geestelike en ook die breër sfeer van ons professionele professies en samelewing.

Ons sien uit na ‘n dag in die toekoms waar die bogenoemde weer in oënskou geneem sal word.

**Super 12 Sport- en kultuurkompetisie:**
‘n Hartlike woord van geluk aan al ons rugby- en netbalspanne, -afrigter, -beamptes en –ouers met ‘n baie suksesvolle kompetisie. Ons skool is bekroon as die algehele wenners vir rugby en netbal(afdeling B) van hierdie deel van die kompetisie. Ons sien uit na die res wat volg!

Geniet ‘n welverdiende langnaweek en reis veilig.

Geseënde week vir u.

Wees Fier!

Groete

Gerhard Pieterse

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK





## Graad 4-6 Wintersdrag

- [x] Kakie langbroek
- [x] Swart gordel
- [x] Langmou/kortmou bottelgroen gholfhemp
- [x] Swart standaard skoolskoene
- [x] Bottelgroen-en wit baadjie (Sweetpak-baadjie)

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK





## Graad 4-6 Wintersdrag

- [x] Broekromp
- [x] Langmou/kortmou bottelgroen gholfhemp
- [x] Groen sykouse
- [x] Swart standaard skoolskoene
- [x] Bottelgroen-en wit baadjie (Sweetpak-baadjie)

# ENGLISH PUBLIC SPEAKING:

**ME. K. SMITH**

Results from last week's competition:

Grade 4
**WINNER**: Kyran Symons
**Second place**: Jean Muller
**Third place**: Joshua du Preez

Grade 5
**WINNER:** Lilly Cloete
**Second place:** Marc J van Rensburg
**Third place:** Lize Coetzee

Grade 6
**WINNER:** keilah Visser
**Second place:** Heinrich Vögel
**Third place:** Lea Keller

Grade 7
**WINNER:** Leané Gerber
**Second place:** Connor du Plessis
**Third place:** Daney Pienaar

Congratulations to all the participants! Thank you for your hard work!
I would also like to thank the teachers involved: Mrs. Lienke Pienaar, Yolande Cilliers and Michelle Erasmus. Thanks for your attendance and support!

# SKAAK

**ME. M. ERASMUS**

Op Saterdag, 22 April, het 12 van ons skaakspelers aan die D4-individuele Skaaktoernooi in Centurion deelgeneem.

**Die uitslae is as volg:**

**o/13-dogters**

| | | |
|---|---|---|
| Nadine de Waal | 4 uit 5 | 3e |
| Amelia du Plessis | 3½ uit 5 | 5e |
| Lenandi Kühn | 2 uit 5 | |




**o/13-seuns**

| | | |
|---|---|---|
| Antonie vd Walt | 2½ uit 5 | |
| Carsten Bosman | 2 uit 5 | |
| Joah du Preez | 1 uit 5 | |

**o/11-seuns**

| | | |
|---|---|---|
| Reuben Ribbens | 5 uit 5 | 1e |
| Josh J v Rensburg | 4 uit 5 | 5e |
| Adriaan Truscott | 3 uit 5 | |
| Hendrik vd Merwe | 3 uit 5 | |

**o/11-dogters**

| | | |
|---|---|---|
| Ané Truscott | 3½ uit 5 | 5e |
| Frans-Leigh Roberts | 3 uit 5 | |

Ons is trots op al ons spelers!

Geluk aan Nadine de Waal, Amelia du Plessis, Reuben Ribbens, Josh Janse van Rensburg en Ané Truscott wat op 26 Mei aan die Gauteng-individuele Kampioenskappe gaan deelneem.









# KOOR

**ME. S. COETZER**

Baie dankie vir u ondersteuning, kinders aanry, uithou en aanhou. Sondagmiddag se optrede was 'n goeie ysbreker. Die kinders se sang voorspel 'n baie goeie koorseisoen.
Onthou asb. die vitamines.

Let asb. op die oefening van 1 Mei en optrede van 7 Mei.

| DATUM | GELEENTHEID | PLEK | TYD |
|---|---|---|---|
| 26 Mei | Begin van langnaweek – geen koor oefening. | | |
| 1 Mei | Kooroefening | Skoolsaal | 17:30 –19:00 |
| 3 Mei | Kooroefening | Skoolsaal | 14:00 – 15:00 |
| 7 Mei | Kerkdiens | Stella Straat NG gemeente | 09:00 Aanmeld<br>10:00 Diens |
| 19 Mei | Applous | NG kerk Skuilkrans, h/v Cussonia en Jan Albertstrate, Val de Grace, Pretoria | 14:45 Aanmeld<br>15:15 Afhaal<br>Kaartjies beskikbaar by deure. |
| 25 Mei | Super 12 | Inligting volg | |
| 11 Junie | Monumentale koorfees | Voortrekker-monument | Inligting volg |
| 24,25,26 Julie | Revue opnames | Pro Trax | Bussie vanaf skool en terug. |
| 30 Julie | Legato koorfees | Afriforum teater | |

**"SINGING IN A CHOIR IS THE ULTIMATE TEAM EFFORT IN CREATING HARMONY."**

Notegroete

boom boom

PARTY SHOP









**Are you looking to create an unforgettable birthday celebration or searching for unique and distinctive gift ideas?**

**Look no further than Boom Boom Party Shop!**

**We will help you to turn your next event into a cherished memory that will last a lifetime.**

**And don't forget, we offer free shipping, so stop driving around and start shopping now!**

www.boomboomparty.co.za

+27 82 457 1491

# VEILIGE 3 SLAAPKAMER HUIS AANGRENDSEND MENLO LAER TE HUUR






Veilige 3 slaapkamer huis in Sandstone Village, langs die Laerskool Menlo Park, in 'n privaat cul-de-sac in 10de straat beskikbaar vir huur.

- R27,000 per maand. **Onmiddellik beskikbaar.**
- Hoof slaapkamer met inloopkas en ensuite badkamer (met dubbel wasbakke).
- 2 kinderkamers, beide en-suite met privaat balkonne.
- Personeelkwartiere (kan gebruik word as 4de slaapkamer)
- Studeerkamer
- "Pyjama lounge" op boonste voer.
- Oopplan kombuis, leef en eetkamer met kaggel.
- Onthaal stoep met braai area.
- Aparte skottlegoed opwas en waskamer.
- Dubbel motorhuis en stoor met baie veilige gaste parkering in privaat straat.

Kontak gerus vir David op 082 412 7261 of epos david@dvgroup.co.za.













